Tema: **Ek is opgewonde oor ons saamwees!**
Datum: 15 Augustus 2010
Skrifgedeelte: Hebreërs 10:19-25
Prediker: Ds. Thomas Dreyer

Hebreërs 10:19-25

19	Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom,
20	en dit op 'n weg wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy vir ons gebaan deur die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam.
21	En terwyl ons Hom ook as groot priester oor die huis van God het,
22	laat ons tot God nader met 'n opregte hart en met volle geloofsekerheid. Ons harte is immers gereinig van 'n skuldige gewete, en ons liggame is gewas met skoon water.
23	Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het.
24	Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade.
25	Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.

Kom julle, dis tyd om kerk toe te gaan! Wat gaan deur jou gedagtes as jou ma, of pa julle so roep? Of as jou wekker afgaan en jy besef dis kerktyd!

Is jy opgewonde oor hierdie saamwees tyd? Want dit is wat dit is, of moet wees! Tyd om as gelowiges saam met mekaar te wees, in die Here se teenwoordigheid. Is jy opgewonde hieroor? Dalk negatief? Miskien is die meeste van ons nie regtig opgewonde of negatief nie. Jy kom maar net, want dis wat ’n goeie Christen moet doen, dis ’n goeie gewoonte. Of miskien het jy nie veel van ’n keuse nie want jou ma en pa besluit of julle kom of nie, so jy kom maar omdat hulle kom. Jy’t lankal opgehou om ongelukkig te wees daaroor, so jy voel eintlik nie veel nie.

Is dit hoe dit moet wees? As ek luister na vers 25 dan dink ek nie so nie. Die Hebreërsbriefskrywer sê: [25]Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan . . .

Dit klink vir my na ’n dringendheid, ’n opgewondenheid waarmee ons mekaar moet aanvuur om te kom!

Nou dink jy seker by jouself, ag tog. Hier kom nou weer, ’n preek vir die ouens wat nie hier is nie. Ek is ten minste hier al is ek nou nie uit my vel uit van opgewondenheid nie!!!

Is jy hier? Erna raas baie keer met my! Sy sal sê: Bok, jy's hier, maar jy's nie hier nie. Dit help nie ek is fisies hier, maar in my kop, my gedagtes, my hart is ek eintlik vêr weg nie!

Die Here kom sê vir ons: Moenie wegbly nie! Positief gestel: Wees hier! Ek wil hê dat jy opgewonde moet wees oor hierdie saamwees tyd!

Waarom?

Jesus maak ons saamwees moontlik en besonders!
Dis 'n saamwees in God se teenwoordigheid!
Dis 'n hoopvolle saamwees!
Dis 'n dienende saamwees!

Mag die Here sy waarheid gebruik om ons opnuut of dalk vir die eerste keer, regtig opgewonde te maak oor hierdie tye saam met mekaar.

Jesus maak ons saamwees moontlik en besonders!

Om as God se mense saam te kom, is beslis nie 'n Nuwe Testamentiese ding nie. Ons het nie kerk uitgedink nie! God roep sy mense al vir eeue so saam! So het sy Ou Testamentiese Kerk ook bymekaargekom.

'n Groot verskil was egter dat dit in daardie tyd nie sommer enige plek kon gebeur nie. Nee, God het die plekke aangewys. Selfs die spesifieke tye. Dit begin by Sinai as God op die berg vir Moses sy Wet gee en die volk onder die berg wag. Net daar, kan hulle God ontmoet en dan nie sonder Moses en Aaron, sy boetie, die Hoëpriester, nie. Moses verteenwoordig hulle op die berg.

Na Sinai is dit die Tabernakel. Daardie tent wat Moses baie, baie spesifiek moes laat bou volgens God se spesifikasies. Kon enige Israeliet sommer net in die Tabernakel instap en met die Here gaan praat? Nee!!! Net Moses en Aaron kon in die Allerheiligste ingaan! Daardie binneste deel waar die ark van die verbond was en waar God vir Moses en Aaron ontmoet het. Om die waarheid te sê kon Aaron maar eenkeer 'n jaar, op die groot versoendag daar ingaan en eers nadat hy skoongewas is in water, en dan sy hele Priestergewaad aangetrek het, en dan met bloed besprinkel is (dit alles was om hom te reinig van sy sonde). Dan kan hy ingaan en dan verteenwoordig hy elke Israeliet daar!

Ja, enige Israeliet kon bid en met die Here praat wanneer hy / sy wou. Maar om met sekerheid, vrymoedigheid, in die Here se teenwoordigheid te kom en te weet daar is vir jou geen veroordeling nie, daarvoor moes jy wag! Jy moes wag vir daardie een dag wat die Hoëpriester namens jou in die Allerheiligste, in God se teenwoordigheid kon ingaan om daar versoening vir jou sonde te doen. Hierdie selfde reëls geld ook later vir die tempel in Jerusalem. Dié dat die volk jaarliks na Jerusalem toe gereis het op die groot versoendag! Hulle moes by die tempel bymekaar kom en wag vir die Hoëpriester om in te gaan en uit te kom.

Het God op die manier 'n plan gemaak vir sy volk om sy genade, sy vergifnis en daarom sy teenwoordigheid te beleef? Ja, 'n wonderlike genadige plan. Maar voel jy iets van die afstand. Die geweldige rituele. Dit was wonderlike genade ja, maar dit was so onprakties en onvoldoende! Een keer 'n jaar net op daardie plek!

Luister nou weer, met hierdie agtergrond na die wonderlike woorde van Hebreërs 10:19-21 soos die Boodskap dit vertaal:

My liewe vriende, ons hoef nou nie meer onseker of bang te wees om na God toe te gaan waar Hy in die Heiligste deel is nie. Ons kan dit doen omdat Jesus vir ons gesterf het. Ons het gesê dat daar tussen die twee kamers in die heilige plek 'n gordyn gehang het. Jesus se liggaam kan met dié gordyn vergelyk word. Die gordyn van Jesus se liggaam is geskeur om so 'n nuwe pad na die lewe saam met God oop te maak. Christus is die groot priester wat in beheer is in God se huis.

Hoor jy dit? **Ons** kan in daai allerheiligste deel ingaan! Nie net meer 1 baie spesiale ou nie. Ons! Ek en jy! Net soos ons is! Nie net meer 1 keer 'n jaar daar in Jerusalem nie. Ons kan enige plek, enige tyd ons oë toemaak en binne die aller-intiemste teenwoordigheid van God wees. Waarom? Want die groot gordyn wat my gekeer het om in die Allerheiligste in te gaan, is geskeur. God kon dit skeur omdat Jesus sy liggaam gegee het om in ons plek geskeur te word. In sy Heilige woede oor die sonde skeur Hy Jesus se liggaam in my en jou plek, sodat Hy die gordyn tussen ons en Hom vir eens en vir altyd kan wegneem.

En as Jesus opstaan uit die dood, word Hy die nuwe Hoëpriester. Hy bly vir ewig in God se teenwoordigheid en elke keer as ons, ons oë toemaak en saam met mekaar sê: Ons hulp is in die Naam van die Here! Dan sê Jesus vir sy Vader, hulle kan maar inkom! Hier staan die offer wat vir hulle gebring is voor U!

Jesus is ons nuwe pad, ons nuwe weg na God toe! ’n Lewende weg! Hy gaan nie dood soos die aardse Hoëpriesters nie. Hy bly nie dood soos die diere wat geoffer is nie. Nee, Hy staan op en Hy lewe. Hy tree daagliks vir ons in, op grond van sy offer aan die kruis!

Verstaan jy dit so? Dink jy so daaroor! Ja, dit beteken inderdaad dat ek daar in my kamer by die huis my oë kan toemaak en in die Here se teenwoordigheid kom! Reg deur die Bybel maak die Here dit egter duidelik dat daar ook iets besonders gebeur wanneer gelowiges so bymekaar kom. Daar waar 2 of 3 in my naam bymekaar is, is Ek teenwoordig (Mat. 18:20).

Die oomblik as ons saam met die predikant sê: Ons hulp is in die naam van die Here, is dit wat gebeur! Ons stap saam met mekaar in daardie allerheiligste plek in!

Die moeilikheid is dat ek en jy hier moet wees om dit te beleef. Nie net fisies nie. Jy kan fisies hier wees en dit mis. Dis ’n geloofsding!

Is dit belangrik om te konsentreer as daar gepreek word? Ja! Is dit belangriker as die begin van hierdie ontmoeting? Nee. As ek reken ek is net hier vir die preek, dan mis ek uit om die mees intiemste oomblikke tussen my en my medegelowiges en God.

Is dit nie dalk waarom die erediens vir ons “te lank raak”, vervelig is nie? Ek wag net vir die preek en as die Predikant my nie genoeg “entertain” nie, dan het ek eintlik my tyd gemors?

Geliefdes, moenie op die manier wegbly nie! Jesus maak dit vir my en jou moontlik om saam met mekaar, in ’n gewone gebou van bakstene in te stap en terselfdertyd, geestelik in God se teenwoordigheid in te kom!

Dis ’n saamwees in God se teenwoordigheid!

Die skrywer wil hierdie voorreg beklemtoon deur die eerste praktiese implikasie, die eerste oproep wat ons daar in vers 22 het. Terwyl dit dan nou so is dat ons deur Jesus se bloed, deur die skeur van sy liggaam aan die kruis, ’n nuwe pad het tot binne God se teenwoordigheid, en terwyl ons Hom het as ’n ewige Hoëpriester wat vir ons intree, nie net eenmalig nie, maar aanhoudend, laat ons . . . . tot God nader met ’n opregte hart en met volle geloofsekerheid. Ons harte is immers gereinig van ’n skuldige gewete, en ons liggame is gewas met skoon water.

Eenvoudig gestel, jy't die voorreg om dit te kan doen, so gryp dit aan! Jy kan met 'n opregte hart kom. Jy hoef nie voor te gee nie. Jy kan kom nes jy is, met jou sonde, solank jy eerlik en opreg daaroor is en dit voor die Here bring.

Jy kan met volle geloofsekerheid, geloofsoortuiging kom! Waarom? Want net soos die priester, voor hy in God se teenwoordigheid gekom het, deur die water waarmee hy homself gewas het, en die bloed wat op hom gesprinkel is, reingemaak is, skoongewas is. So is jy besprinkel met en gewas in die bloed van Jesus! Ons kan in God se teenwoordigheid inkom, sonder om voor te gee en met volle geloofsekerheid want ons is binnekant (in ons gewete, ons koppe) en buitekant, d.w.s as volledige mens, skoongewas! So kom! Nader tot God met opgewondenheid!

Gestel jy't saam met jou vriende, kaartjies gekry vir julle gunsteling "band" se konsert, "ringside seats"! Jou ma-hulle laai jou af, en soos jy aanstap na die hekke toe, sien jy jou vriende. Jy voel vinnig en jou kaartjie is in jou sak so jou toegang is verseker. Opgewonde stap jy nader, jy moet keer of hardloop. Dan is julle by mekaar en julle is opgewonde en dan maak die hekke skielik oop. Wat gaan julle doen? Julle gaan instorm, nie waar nie? Opgewonde! Kan nie wag om saam die "band" te sien en te hoor nie!

Dis die idee wat die skrywer hier wil oordra. Laat ons tot God nader! Dis die opgewondenheid om saam met mekaar (want dis eenvoudig nie dieselfde om dit op jou eie te beleef nie), om saam met mekaar voor ons Koning te kom staan, dankbaar dat Jesus vir ons die toegang verseker het, opgewonde om te sê Here, hier is ons, om U te ontmoet, U te sien. Opgewonde om Hom te loof en te prys met daardie eerste lofsang nadat Hy ons seënend gegroet het en belowe het, ek is hier!

As ons dit verstaan, besef, sal geen "band" naby dit kom nie!

Is dit hoe jy dit beleef? Vir baie van ons is dit nie! En soos goeie verteenwoordigers van die mensdom soek ons die fout by almal anders as onsself! Die erediens is te vroeg of te laat. Dis te lank. Die musiek is te outyds, te vinnig, te stadig. Ag tog, dis alweer hy wat preek! Ek kan net sowel by die huis gebly het!

Nee, sê die Here! Verstaan jy dan nie wat gebeur nie? Besef jy nie hoe groots elke ontmoeting tussen my en julle is nie! Moenie wegbly nie. Nie fisies nie, maar ook nie geestelik en emosioneel nie. Kyk wat Jesus vir jou kom doen het en laat die Gees toe om jou gesinheid te verander!

En weet jy wat, dis aansteeklik! Hierdie opgewondenheid is oordraagbaar! Het jy al naby iemand gestaan wat met oorgawe sing, of met soveel erns op sy gesig saam bid. Dis wonderlik om dit van hier voor af te beleef, om vir julle te kan kyk as ons sing en dis aangrypend om iemand te sien wat met oorgawe bid, en luister en sing. Dit help my hart om te fokus op die Here!

Die teendeel is ook ongelukkig waar! 'n Koue, nie regtig lus om hier te wees nie, verveelde, lustelose houding is ook aansteeklik! Nie dat dit moet wees nie. Ek moet myself na regte nie laat beïnvloed deur ander se negatiewe houding nie, maar geliefdes, gemeenskap is so deel van hierdie ontmoeting dat dit eintlik onmoontlik is om jou los te maak van die mense om jou en die Here wil dit ook nie. Hoe meer van ons opgewonde, met geloofsoortuiging tot God nader, in sy teenwoordigheid in kom, hoe meer gaan dit aansteek! Hoe meer van ons nie regtig lyk asof dit eintlik ons eerste keuse was om hier te wees nie, hoe meer gaan dit die algemene gevoel word!

Ouers, dieselfde geld vir julle en die invloed wat julle op julle kinders het! Kom jy met opgewondheid? Kan jou kinders sien dat jy nie kan wag om te kom nie? Of is die voorbeeld wat hulle kry 'n traagheid. Ja, ons sal sien hoe voel ons môre! O, daar's nie katkisasie nie. Dan lê ons bietjie in vandag! Moet dan nie verbaas wees as hulle eendag besluit om glad nie meer te kom nie. Of as hulle 'n gemeente gaan soek waar hulle die opgewondheid, die lewe kan sien en voel nie.

Meer dalk as ooit het ons jongmense nodig om te sien hoe ons as volwasse gelowiges tot God nader met 'n dringendheid, 'n opgewondenheid, 'n passie, vreugdevolle oorgawe!

Moenie wegbly nie! Laat ons so saam tot God nader!

Dis 'n hoopvolle saamwees!

Nog 'n rede waarom ons nie fisies of geestelik moet wegbly van die samekomste af nie, is omdat ons moet bly vashou aan die hoop! Daardie hoop wat Ds. Charl vanoggend van gepreek het. Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely! Letterlik staan daar: laat ons die hoop wat ons bely, onderkry, vasdruk, beheer oor dit kry.

Want, hoop is nogal 'n moeilike ding om vas te hou nie waar nie? Ek weet nie of dit so is met jou nie, maar daar's kere waarin ek vol is van hoop, soos na vanoggend se preek! Ek is oortuig dat God vir my lief is en dat Hy my vergewe het en dat ek vrye toegang het tot in sy teenwoordigheid en dat Hy vir my sal sorg en dat Hy weer sal kom om ons te kom haal!

Maar dan, net die volgende dag gebeur daar iets met my of ek maak droog, of ek lees koerant en dis weg! Dis asof ek dit net nie kan vashou nie!

En weet jy wat, ek en jy kan dit nie alleen, op ons eie doen nie. Ons het mekaar nodig. Ons moet saam vashou aan die hoop. Saam kan ons dit onderkry, dit vasdruk, beheer oor die hoop kry, sodat dit nooit uit ons gemeenskap wyk nie. Ek kan dalk hoop verloor, maar dan het jy baie, en dan kan ek langs jou kom staan as ons, ons geloof bely op 'n Sondagmôre en ek met my min hoop kan voel hoe jou baie hoop oorloop in my in!

As ek twyfel, het ek nodig dat jy vir my sê: Thomas onthou, God is getrou, Hy doen wat Hy beloof het!

Verstaan jy waarom is dit nodig om hier te wees op 'n Sondag! Dis belangrik om te kom as jy nodig het om hoop te kom kry! Maar jy't ook nodig om te kom om te kom hoop gee! Daarom kan jy nie net fisies teenwoordig wees nie. Deur met oortuiging te kom sing, en jou geloof te bely, en met jou oop Bybel aktief te luister na die Woord, en saam te bid, gee vir my wat langs jou sit hoop! Dit wat ek glo is waar, want ek glo dit nie alleen nie! God is getrou!

Om met hierdie gesindheid te kom is ook die wegspring plek vir ons laaste punt.

Dis 'n dienende saamwees!

Ons lees in vers 24: Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade!

Waarom mag ek nie wegbly nie? Want ek het werk elke Sondag! Jy het die verantwoordelikheid om te kom omsien na jou medegelowiges.

Die woordjie omsien beteken letterlik, om bewuste, intensionele sorg te dra vir iemand anders.

As ek en jy dit glo, sal 'n telefoongesprek op 'n Saterdagaand tussen my en een van my pelle soos volg klink.

"Hey Jurgen, is jy reg vir Wiskunde Maandag?"

"Hi, Elrida, nee jong, nog nie heeltemal nie. Sal maar môre tussen die oggend en die aanddiens 'n paar ure moet insit."

“Bedoel jy, jy gaan kerk toe? Hoe kan jy dit bekostig?”

“Nee, ek kan eintlik nie, maar jy sien, ek het besef dat my wiskunde-werk nie eintlik belangriker is as my werk by die kerk nie!”

“Maar jy werk mos nie by die kerk nie? Of gaan jy ook nou by die klankbank werk?”

“Nee man, het jy dan nie nou die aand geluister nie. Daar’s baie meer werk by die kerk as net om klank te doen. Ek dink ons as jongmense se grooste werk is om die opgewondenheid waarmee ons lewe saam met ons te bring kerk toe, want daar’s eintlik niks meer opwindend as om die Here te ontmoet nie. Dalk steek ’n paar van die ouers by ons aan!!! En dan is daar nog ’n klomp dinge, soos om net vriendelik te groet en te gaan help om die Cheshire Homes ouens terug te stoot na hulle kamers toe en met hulle te “chat”! Daar’s eintlik duisende dinge om te doen. En dan moet ek ook natuurlik kom om te kom kyk dat jy jou katkisasie-werk gedoen het!”

“Ag man! Jy weet ek doen altyd my werk! Dis ek wat jou moet “opcheck”!”

“Jy sien, dan moet jy ook mos eintlik kom! Jy’t werk om te kom doen. Dis nie dieselfde sonder jou nie!”

“Jy’s reg. Ek dink ek gaan die fliek vanaand ’n mis gee en bietjie leer. Dan kan ek kom môre!”

“Lekker! Sien jou by die werk!”

Verstaan jy waarom jy nie mag wegbly nie! Ek kan en moet kom om hier te kom kry, ja, maar ek het ook werk om te kom doen, om te bedien. Ek kom om te kom gee! Ek kom om my na my medegelowiges om te sien deur hulle aan te spoor tot liefde en goeie dade. En hoe spoor ’n mens ander die beste aan? Deur hulle te kom liefhê en goeie dinge te doen!

As dit my ingesteldheid is kan elke Sondag, elke erediens, baie opwindend raak! Jy sal beleef hoe die Here jou, julle gebruik. As jy met ’n gesindheid hier instap van: Ek wonder wat gaan ek vanaand hier uitkry, wat beteken dit alles vir my? “Cater” hulle vir my? Doen hulle waarvan ek hou? Gaan jy gou verveeld raak, selfs kwaad raak as dinge nie gaan soos dit jou pas nie? As jy kom werk, kom gee raak dit ’n avontuur saam met medegelowiges en saam met die Here!

Ek praat gereeld met vetgevoerde, verveelde jongmense. Geestelik bedoel ek nou. Hulle is geestelik vet en verveeld, want hulle lewe op kitskos en hulle kry nie oefening nie. Dan eet hulle bietjie by Mosaïek. Dan 'n keer hier by Randburg. Dan by GodFirst. By elkeen is daar 'n ietsie vir hulle. Lekker lewendig hier! Lekker ernstige "stuff" hier. Lekker bid daar. En in die proses word hulle vet en verveeld. Want dit gaan die hele tyd oor jouself. Ek gaan om waar ek voel ek kry wat ek nodig net. Nêrens kry jy die brood nodige "gee jy jouself" oefening in nie. Weet jy wat? Jy reken jy gaan aanbid vir Jesus dan hier en dan daar, maar kan ek eerlik met jou wees: Jy's glad nie soos Hy nie! Hy't gelewe om te gee. Jy lewe om te kry! Dis waarom jy geestelik verveeld is, oorkrities is, vinnig moeg raak by een plek en uiteindelik vêr van Hom af voel.

Dalk voel jy dieselfde en jy doen nie die "church hopping" ding nie! Wel, is jy hier? Regtig hier, op 'n dienende manier, selfverloënende manier, hier?

Slot: Waarom mag ek nie wegbly nie?

Want my Here het sy lewe gee om hierdie saamwees moontlik te maak. Dis 'n saamwees waartydens ons in God se teenwoordigheid kan kom! Dis 'n hoopvolle saamwees. Dis 'n dienende saamwees.

Hier's twee lekker praktiese uitdagings! Kom volgende week 'n bietjie vroeër kerk toe en vat die blaadjie en berei voor, praat met die Here oor ons saamweestyd. Oor die voorreg om Hom so te ontmoet! Vra Hom vir die regte gesindheid, 'n dienende, hoopvolle, gee gesindheid.

Die tweede ding is dalk bietjie 'n groter uitdaging. Doen jouself 'n guns en gaan sit volgende week op ander plek! Bid daaroor voor die tyd. Here, wie wil U hê moet ek bemoedig hierdie Sondag. Waar moet ek gaan sit, langs wie, kom wys my. Ek wil kom omsien na mense! Ek is opgewonde oor ons saamwees. Ek wil nie net kom kry nie. Ek wil myself kom gee. Wys my hoe!

Gaan bid dit! Gaan ondersoek jou eie hart en kom so, soos die Here dit wil, opgewonde oor hierdie saamweestyd!